

eGGSA Jaarverslag 2007

Inleiding:

2007 was weereens 'n besige jaar vir die eGGSA, 'n jaar vol uitdagings en hoogtepunte. Ons het besonder goed gevorder met die fotoprojek en die argiefdokument bewaringsprojek, maar ook probleme in daardie areas ondervind.

Dit is natuurlik vir ons as 'n tak belangrik om nie alleen nuwe lede te werf nie, maar ook om ons bestaande lede van die beste moontlike diens te voorsien. 2007 was weereens 'n jaar waarin ons heelwat nuwe lede gewerf het,. Dit is egter verblywend om te sien hoeveel lede ons behou het – dit is altyd lekker om "ou" lede terug te verwelkom.

Ten skrywe hiervan het die eGGSA 264 lede en 168 intekenaars gehad, wat baie sterk groei van onderskeidelik 43% en 47% verteenwoordig. Die aantal intekenaars (persone wie by ander takke lede is maar ook by eGGSA se web- en ander elektroniese dienste inteken) het van 114 tot 168 gespring terwyl die aantal lede wie alleenlik by eGGSA lid is, van 184 tot 264 toegeneem het. Baie van hierdie lede was voorheen glad nie by die genootskap of ander takke betrokke nie.

Distribusie van ons lede:

	2005	2006	2007	
Lede:				
RSA	:	81	108	146
VSA	:	25	22	40
Aus/NZ	:	31	26	33
Europa	:	26	28	45
Intekenaars:				
RSA	:	102	114	165
Europa	:			2
VSA	:			1

Uit bostaande is dit duidelik dat ons steeds 'n redelike aantal lede in Suid-Afrika het, wat natuurlik 'n gesonde posisie is. Dit is egter ook besonder bevredigend om te sien dat die buitelandse ledetal met 59% toegeneem het in die afgelope jaar – dit wil voorkom asof ten minste sommige van ons bemarkingsaksies vrugte afwerp.

Net meer as 55% van ons lede en intekenaars is manlik. In teenstelling met 2006, en waarskynlik as gevolg van die toename in ons oorsese lede, is daar nou bykans geen verskil in die aantal Afrikaanse en Engelssprekende lede nie.

Projekte:

Argiefdokumentbewaringsprojek

Die argiefdokumentbewaringsprojek wat in 2006 geloods is het ten doel gehad om spesifieke argiefvolumes wat reeds ernstig beskadig en/of ontrek was te fotografeer en digitaal beskikbaar te stel, beide aan die genealogiese publiek en aan die argiewe. Die eerste volume Mooc 13/1/1 is in 2006 beskikbaar gestel en in 2007 is Mooc 13/1/2 en 'n paar ander volumes afgeneem – hierdie volumes is tans in 'n verwerkingsproses. Ongelukkig het die situasie in die KAB hierdie projek gekortwiek. Ons werk egter daaraan om die oudste bundels in die TAB en Vab afgeneem te kry.

Grafsteenfotoprojek

Die beskikbaarstelling van geïndekseerde/kruisverwysde grafsteen-inskrywings in ons Aflaaibiblioteek was 'n besondere groot sukses. Teen die einde van 2007 was daar meer as 50,000 geïndekseerde grafe in die databasis – vergeleke met die sowat 17,500 aan die einde van 2006. Groot dank is aan die projekleiers (aanvanklik Gail Röthlin en nou Alta Griffiths) en hul vrywilligers verskuldig.

Fotodiens

Die eGGSA se fotodiens het hierdie jaar behoorlik gebloem – maar het terseldertyd ook laat in die jaar 'n knou gekry met die onttrekking van toestemming om in die KAB fotos af te neem. Teen die einde van

2006 het ons sowat 4,000 sterftekennise en verwante dokumente op ons webwerf beskibaar gestel, en in 2007 is meer as 10,000 dokumente bygevoeg.

Die diens gaan steeds voort in die ander argiewe en is ook uitgebrei na sekere Meesterskantore.

Transkripsieprojek

Die verassingsregister van die Cambridge Krematorium in Oos Londen bevat sowat 30,000 name vir die periode 1959-1996. Hierdie registers word tans deur Brian Barrett in samewerking met Alta Griffiths getranskribeer, en sowat 9,500 name is reeds in 'n soekbare databasis op eGGSA se webwerf beskikbaar. Brian het ook 'n groot aantal fotos van die gedenkplate op die herdenkingsmuur en -tuin aldaar geskenk en die oogmerk is om hierdie fotos – wat reeds in eGGSA se grafsteen-databasis opgeneem is – direk aan die transkripsie-databasis te koppel.

eGGSA webblad:

Soos in die vorige jaar was 2007 'n jaar waarin die webwerf baie uitgebrei is, soos blyk uit die groei in die twee databasisse hierbo genoem. Ons moes die afgelope jaar weer addisionele stoorkapasiteit sowel as geheue aankoop om die groei in volume te kon hanteer. Die afgelope maand is die webwerf na 'n nuwe lêerbedienaar geskuif wat ons nie alleen toelaat om 'n vinniger soek-stelsel te implimenteer nie, maar ook om voorsiening vir verdere groei te maak. Die gehalte van hierdie diens is vir ons en ons lede van die hoogste prioriteit en is dan ook die item waaraan ons die meeste van ons hulpbronne toeken. Ons webmeester is deurentyd op soek na maniere om hierdie diens verder te verbeter.

Bo en behalwe die vergroting van die grafsteen-databasis en die argief-dokumentedatabasis is 'n aantal artikels, transkripsies en boeke ook die afgelope jaar op die webwerf bygevoeg, o.a. die volgende:

- 'n aantal addisionele artikels
- Monsterrolle van die setlaars aan die Kaap
- The Basroo family of Mauritius and the Cape
- The Brill Family Chronicle

Ons het ook onlangs twee nuwe gedeeltes bygevoeg:

- Familie Bybels, waar ons hoop om fotos en transkripsies van familie Bybels beskikbaar te stel
- Poskaarte, wat hoofsaaklik geboue van historiese belang vertoon

genesis:

Die afgelope jaar is daar weer 'n aantal baie interessante artikels in *genesis* publiseer, waaronder::

- Unlocking the Vault: Conversion to Digital Records
- Weesmeisies
- The Gilstain Story
- Obsessie met CLJ de Villiers in die vreemde
- Searching for Philip Morkel in 17th century Germany

Die eerste uitgawe vir 2008 staan reeds einde se kant toe, en dit beloof om weer 'n paar treffende artikels te bevat.

Ons hoop om in 2008 'n redakteur vir *genesis* te kan aanstel, en sien uit daarna om sommer 'n hele paar aansoeke vir hierdie belangrike posisie vanuit ons ledetal te ontvang.

Finansies:

Ons steeds-groeiente ledetal, die toename in die intekenaarstal (vir *genesis* en die webblad) en die sukses van die fotodiens was natuurlik baie welkom. Nie alleen was dit baie positief vir ons algehele finansiële posisie nie, maar dit het ons toegelaat om ons dienste aan te hou uitbrei. Ons was gevoldiglik

ook in 'n posisie om ons fotograwe te vra om addisionele dokumente af te neem wat ons mettertyd beskikbaar sal stel. Dit is ook belangrik om daarop te let dat hierdie positiewe kontantvloei ons in staat gestel het om weereens ons webdienste uit te brei en na 'n vinniger en groter lêerbediener op te gradeer. Hierdie aspek sal in die volgende paar jaar nog meer aandag moet geniet, gesien in die lig van die groter volume dokumente wat ons daar beskikbaar stel.

'n Opsommende stel finansiële state is hierby aangeheg.

Verkope van GGSA produkte:

Die beskikbaarstelling van die opgegradeerde weergawe van die Begraafplaas cd het die verkope van GGSA produkte 'n hupstootjie gegee. eGGSA het namens GGSA net meer as R17,400 se produkte van die hand gesit, waarvan die Begraafplaas cd sowat R8,200 verteenwoordig het. Die Familia cd en die Omnibus 3 cd's het ook goeie bydraes gelewer het. Die inkomste uit die verkope van individuele volumes van Familia het ook goeie groei getoon.

Verkope van nie-GGSA produkte:

Ons het hierdie jaar 'n effense afname gehad in die verkoopswaarde van nie-GGSA produkte. Dit was hoofsaaklik te wye daaraan dat daar weinig nuwe produkte op die mark gekom het, en dat dié wat wel op die mark gekom het, nie veel aftrek gekry het nie. Desnieteenstaande kon ons 'n winspersentasie van net meer as 18% behaal op 'n omset van R14,490.

Ons verkoopsooreenkomste is almal hernu en ooreenkomste is aangegaan vir die verskaffing van die volgende produkte:

- Elektroniese weergawes van sekere uitgawes van *Capensis*
- Elektroniese uitgawes van die *Bewaarders van ons Erfenis* reeks
- A Weenen Childhood
- Persoonsindeks tot *De Kaap de Goede Hoop*

Daar is reeds een of twee nuwe produkte wat ondersoek word vir byvoeging in 2008.

Vooruitsigte vir 2008:

Verlede jaar het ons 'n paar struikelblokke uitgelig wat ons vermoed het ons vordering en dienslewering hierdie jaar kon kortwiek. Een van hierdie moontlike struikelblokke was die tekort aan vrywilligers. Hoewel ons getroue groepie vrywilligers soos in die verlede meer as hul deel gedoen het wat die fotoprojek en die grafsteenprojek betref, het die volgehoue tekort aan vrywilligers ons verhoed om sekere kleinere take en/of projekte af te handel. Hierdie sluit in die beskikbaarstelling van 'n aantal boeke in elektroniese formaat, welke boeke deur van ons lede en ook deur buitestaanders geskenk is. Indien mense nie na vore tree om hand by te sit nie, sal ons steeds verplig wees om ons dienste te beperk.

Wat ons fotodiens betref, is ons van mening dat dit hierdie jaar effens stadiger sal gaan, veral met die verwikkelinge by die KAB. Daar is egter steeds 'n enorme hoeveelheid werk wat deur ons fotograwe en veral ons webmeester gedoen moet word ten einde die fotos aan ons kopers beskikbaar te stel. Een van die groot haakpunte tans – en ook in die toekoms – is die spoedige afhandeling van bestellings. Hoewel ons fotograwe normaalweg die fotos gou afgeneem kry, moet die fotos sorteer en benoem word, en daarna aan die kliënte beskikbaar gestel word, waarna dit op die webblad gelaai kan word. Die sortering en benoeming is die twee aspekte waar ons beslis hulp benodig, en ons vertrou dat daar vrywilligers in hierdie area na vore sal tree.

Wat ons argiefdokument bewaringsprojek betref, is die situasie effens vloeibaar. Ons het in laat 2006 die eerste Mooc 13/1/1/ bekendgestel, wat nogal redelike aftrek gekry het. Ons het intussen 13/1/2 en

ook 'n paar ander volledige reekse bekom, welke reekse ons graag beskikbaar sou wou stel. Ons kyk ook na die afneem van sekere van die ouer bundels in veral die TAB en VAB.

'n Verdere projek wat aandag geniet is die daarstelling op die webwerf van 'n aantal registers wat aan ons beskikbaar gestel is – een van die voorwaardes waaronder hierdie bekom is, is dat ons dit gratis op die webblad beskikbaar sal stel. Ons sal weereens 'n aantal vrywilligers benodig om hierdie projek te bedryf.

Ek wil graag uit 'n persoonlike oogpunt my dank betuig aan die bestuurslede en ander vrywilligers wie in die afgelope jaar insette gelewer het. Verlede jaar het ek julle bittereinders genoem, en julle verdien hierdie jaar weereens daardie betiteling - dankie weereens vir julle harde werk, deursettingsvermoë, bereidwilligheid en samewerking.

Ek vertrou dat 2008 vir eGGSA weer 'n jaar van groei, van ontwikkeling van nuwe produkte en steeds-verbeterende kliëntediens sal wees.

Colin Pretorius

eGGSA inkomste en Uitgawestaat 2007		
	Rand	Rand
Inkomste		109,919.28
Ledegelde vir 2007	7,020.00	
Ledegelde en subskripsie Vooruitbetalings vir 2008	4,135.40	
Krediete - ekstra betalings vir verkope	744.64	
Genesis subskripsies	9,675.00	
Donasies/subsidies	4,896.42	
Rente verdien	937.32	
Projekinkomste	50,560.50	
Argief volumeprojek inkomste	2,000.00	
Fotoverkope	48,560.50	
Inkomste uit GGSA verkope	17,460.00	
Inkomste uit nie-GGSA verkope	14,490.00	
Uitgawes		90,633.32
Bankkoste	211.40	
Internet bankkoste	1,024.42	
Posgeld	868.41	
Bemarkingskoste	262.13	
Webblad en internetverwante kostes	11,721.49	
Ander IT kostes	2,436.44	
Telefoonkostes	1,187.39	
AJV bywoningskoste	2,699.10	
Projekte	42,237.55	
Argief volume fotoprojek	1,764.00	
Fotoverkope	38,983.55	
Begraafplaas projek	1,490.00	
Koste van verkope GGSA produkte	16,195.00	
Koste van verkope nie-GGSA produkte	11,790.00	
Netto Inkomste		19,285.96

eGGSA Bate-en Lastestaat 2007		
	Rand	Rand
Bates:		51,160.24
Kontant in bank	25,600.24	
Beleggingsrekening	25,000.00	
Voorraad	0.00	
Debiteure	560.00	
Laste:		-6,801.00
Krediteure:		
GGSA Nasional	1,270.00	
Fotograwe	3,830.00	
Produkverskaffers	1,701.00	
Netto bates		44,359.24